

Saterdag 9 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 11:16-30; Matteus 16:1-12	Fokusgedeelte: Numeri 11:20, 23 (1953-vertaling)
--	---

Die hand van die Here is nie te kort nie

Die Israëliete het gekla as gevolg van hulle lus vir vleis. Hierdie klagte was eintlik voor Moses nie, maar voor die Here.

Ons moet bedag wees daarop dat so dikwels wanneer ons teenoor *mense* kla, ons ten diepste eintlik met 'n ondankbare hart teenoor *God* kla! En dat onvergenoegdheid die Here se toorn (woede) opwek!

Die Israëliete se gekla is teken daarvan dat hulle die Here verwerp het (Num. 11:20). Eerder dat hulle oneindige dank betoon oor die feit dat die Here Self by hulle is, ignoreer hulle Hom en kla hulle eerder oor vleis. Duidelik is hulle begeerte na vleis sterker as hulle begeerte na die Here. Ons moet onself gedurig afvra watter begeertes in my lewe dikwels sterker is as my begeerte na God.

Die Here sê vir Moses dat Hy wel vir die Israëliete vleis sal stuur. Moses vra (vir ons om verstaanbare redes!) waar hy vleis vir 600 000 mense vandaan moet kry? Die Here vermaan vir Moses in die vorm van 'n vraag: “*Sou die hand van die HERE te kort wees?*” (Num. 11:23).

In Matteus 12 waarsku die Here Jesus sy dissipels teen die suurdeeg van die Fariseërs (dit is hulle leer). Die dissipels vertolk die waarskuwing van die Here Jesus verkeerd: Hulle dink Hy verwys na suurdeeg, omdat hulle vergeet het om brode saam te neem! Jesus merk hulle onderlinge gesprek en bestraf hulle kleingelowigheid. Hy herinner hulle aan die twee geleenthede waar Hy groot skares met min kos gevoed het: vyf brode het 5 000 mense gevoed, en 'n ander keer het sewe brode 4 000 mense gevoed.

Die Here Jesus is nie gefokus op die fisiese brood nie. en die dissipels moet ook nie daarop gefokus wees nie – en ons ook nie. Dis die Here Jesus Self wat in sy bergpredikasie gesê het: “*Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid – en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*”

Sing: Skrifberyming 17:1, 2, 6

Ds. PGP le Roux (Pieter) (Wonderboompoort)